(b) In the case of the death or resignation of the president, a successor shall be elected at a meeting of the convocation called by the secretary of the convocation by means of a notice in the daily newspapers.

(5) The president shall occupy the chair at all meetings of the convocation at which he is present, but, in his absence, the members present shall elect one of their number to act as chairman of that meeting.

(6) A meeting of the convocation shall be held at the seat of the university.

(7) A meeting of the convocation shall be called by the president, subject to the provisions of paragraph (4) (b), and it is compulsory that a meeting shall be called by him upon a written request signed by at least 30 members and stating in the form of specific motions the proposed subjects for discussion at such meeting.

(8) Notice of any motion for consideration shall be in writing and shall be lodged with the registrar at least 21 days before the date of a meeting: Provided that any matter of an urgent nature may, without prior notice, with the leave of the chairman and a majority of the members present, be considered at such meeting.

(9) Any motion to amend or rescind a previous resolution of the convocation shall be carried by at least two thirds of the members present at the meeting.

(10) (a) A member of the convocation shall not, without the leave of the meeting, speak more than once to a motion or an amendment thereof, but the proposer of a motion or an amendment may reply.

(b) A motion or an amendment thereof shall be seconded and, if so directed by the chairman, shall be in writing.

(c) A motion or an amendment thereof that has been seconded shall not be withdrawn except with the consent of the meeting.

(11) (a) The chairman or acting chairman shall, on any matter, have a deliberative vote and, in the event of any equality of votes, also a casting vote.

(b) If so decided by the meeting, the number of members voting for or against any motion shall be recorded in the minutes, and at the request of any member the chairman shall direct that the vote of such member be likewise recorded.

(2) Die registrateur gee minstens sewe dae voor die datum wat vir 'n vergadering van die konvokasie bepaal is, kennis aan elke lid van al die sake wat op sodanige vergadering behandel sal word, met vermelding van die tyd en plek van sodanige vergadering.

(3) Die eerste handeling van 'n vergadering, nadat dit saamgestel is, is die lees van die notule van die laaste voorafgaande vergadering en dié van enige buitengewone vergadering wat daarna gehou is, en die bekragtiging daarvan deur die handtekening van die voorsitter: Met dien verstande dat die vergadering die notule as gelees kan beskou indien 'n afskrif daarvan voor die tyd aan elke lid van die konvokasie gestuur is: Met dien verstande voorts dat besware teen die notule voor die bekragtiging daarvan geopper en afgehandel moet word.

(4) (a) Die president van die konvokasie wat deur die konvokasie uit sy geledere gekies word, beklee sy amp vir twee jaar of tot die volgende vergadering van die konvokasie indien die konvokasie nog nie aan die einde van bogenoemde twee jaar vergader het nie.

(b) By afsterwe of uittrede van die president moet 'n opvolger gekies word tydens 'n vergadering van die konvokasie wat deur die sekretaris van die konvokasie belê is by wyse van 'n kennisgewing in die dagblaai.

(5) Die president is voorsitter by alle vergaderings van die konvokasie waarby hy teenwoordig is maar by sy afwesigheid moet die lede teenwoordig een van hul lede kies om as voorsitter by daardie vergadering te dien.

(6) 'n Vergadering van die konvokasie word by die setel van die universiteit gehou.

(7) 'n Vergadering van die konvokasie word behoudens die bepalings van paragraaf (4) (b) deur die president belê en dit is verpligtend dat 'n vergadering deur hom belê moet word op skriftelike versoek geteken deur minstens 30 lede en waarin die voorgestelde onderwerpe vir bespreking by sodanige vergadering in die vorm van uitdruklike mosies uiteengesit word.

(8) Kennis van enige mosie vir oorweging word skriftelik by die registrateur ingedien en moet minstens 21 dae voor die datum van 'n vergadering by hom ingedien word: Met dien verstande dat enige saak van 'n dringende aard sonder voorafgaande kennisgewing, met die toestemming van die voorsitter en 'n meerderheid van die aanwesige lede op sodanige vergadering, oorweeg kan word.

(9) Enige mosie om 'n vorige besluit van die konvokasie te wysig of te herroep, moet deur minstens tweederdes van die lede teenwoordig by die vergadering aangeneem word.

(10) (a) Sonder die toestemming van die vergadering mag 'n lid van die konvokasie nie meer as een maal oor enige mosie of wysiging daarvan praat nie, maar die voorsteller van 'n mosie of wysiging mag antwoord.

(b) 'n Mosie of wysiging daarvan moet gesekondeer en, indien die voorsitter aldus gelas, skriftelik ingedien word.

(c) 'n Mosie of wysiging daarvan wat gesekondeer is, mag nie sonder die toestemming van die vergadering teruggetrek word nie.

(11) (a) Oor elke saak het die voorsitter of waarnemende voorsitter 'n gewone stem en, in geval van 'n staking van stemme, ook 'n beslissende stem.

(b) Indien die vergadering aldus besluit, word daar genotuleer hoeveel lede ten gunste van of teen 'n mosie gestem het en, as 'n lid aldus versoek, gelas die voorsitter dat die stem van sodanige lid insgelyks genotuleer word.

(12) The ruling of the chairman on a point of order or procedure shall be binding unless immediately challenged by a member, in which event such ruling shall be submitted without discussion to the meeting, whose decision shall be final.

(13) All matters or things authorised or required to be done or decided by the convocation as such and all questions that may come before it shall be done or decided by the majority of the members present and voting at any meeting: Provided that the number present at any meeting shall not be less than 50.

(14) A copy of all the resolutions of the convocation, duly certified by the chairman and the secretary of the convocation, shall be submitted by the registrar to the council and the senate."

(iii) Paragraph 52 of the Statute is hereby amended by the addition after subparagraph (6) of the following subparagraph:

"(7) In the Faculty of Engineering:

Baccalaureus in Engineering: B.Eng.

Magister in Engineering: M.Eng.

Doctor Philosophiae in Engineering: Ph.D.(Eng.).

Doctor of Engineering: D.Eng."

(iv) Paragraph 52 (2) (a) of the Statute is hereby amended by the addition after the words—

"Magister Scientiae: M.Sc.";

of the words—

"Doctor Philosophiae: Ph.D."

(v) Paragraph 52 (2) (e) of the Statute is hereby deleted.

(vi) Paragraph 52 (3) of the Statute is hereby amended by the addition after the words—

"Baccalaureus Paedagogiae in Primary Education: B.Paed.(Prim.Ed.)";

of the words—

"Baccalaureus Musicae in Education: B.Mus.(Ed.)".

(vii) Paragraph 66 (4) of the Statute is hereby amended by the substitution for R20 of R50.

No. R. 910 27 April 1979  
INDIANS ADVANCED TECHNICAL EDUCATION  
ACT, 1968 (ACT 12 OF 1968)

#### AMENDMENT OF REGULATIONS

The Minister of Indian Affairs has, by virtue of the powers vested in him by section 30 of the Indians Advanced Technical Education Act, 1968 (Act 12 of 1968), approved the amendment of the regulations promulgated by Government Notice R. 18 of 2 January 1970, as set out in the Schedule hereto.

#### SCHEDULE

1. The following is substituted for regulation 9 (2):

"(2) The members of the finance committee shall be elected at the annual general meeting of the council and the council shall appoint one of the members so elected chairman of the committee."

2. In regulation 9 (3) the words "a chairman and" are deleted.

(12) Die beslissing van die voorsitter op 'n punt van orde of prosedure is bindend, tensy 'n lid onmiddellik daarteen beswaar maak, in welke geval sodanige beslissing sonder bespreking voorgelê word aan die vergadering wie se beslissing finaal is.

(13) Alle sake of dinge wat die konvokasie as sodanig magtig of moet doen of oor moet besluit en alle vraagstukke wat voor hom dien, word gedoen of oor besluit deur die meerderheid van die lede wat op 'n vergadering aanwesig is en wat stem: Met dien verstande dat die getal op 'n vergadering aanwesig nie minder as 50 mag wees nie.

(14) 'n Afskrif van alle besluite van die konvokasie, behoorlik gesertifiseer deur die voorsitter en die sekretaris van die konvokasie, moet deur die registrateur aan die raad en die senaat voorgelê word."

(iii) Paragraaf 52 van die Statuut word hierby gewysig deur die byvoeging van die volgende subparagraaf na subparagraaf (6):

"(7) In die Fakulteit Ingenieurswese:

Baccalaureus in Ingenieurswese: B.Ing.

Magister in Ingenieurswese: M.Ing.

Doctor Philosophiae in Ingenieurswese: Ph.D.(Ing.).

Doktor in Ingenieurswese: D.Ing."

(iv) Paragraaf 52 (2) (a) van die Statuut word hierby gewysig deur die byvoeging na die woorde—

"Magister Scientiae: M.Sc.";

van die woorde—

"Doctor Philosophiae: Ph.D."

(v) Paragraaf 52 (2) (e) van die Statuut word hierby geskrap.

(vi) Paragraaf 52 (3) van die Statuut word hierby gewysig deur die byvoeging na die woorde—

"Baccalaureus Paedagogiae in Primêre Onderwys: B.Paed.(Prim.Ond)";

van die woorde—

"Baccalaureus Musicae in Onderwys: B.Mus.(Ed.)".

(vii) Paragraaf 66 (4) van die Statuut word hierby gewysig deur R20 deur R50 te vervang.

No. R. 910 27 April 1979  
WET OP GEVORDERDE TEGNIESE ONDERWYS  
VIR INDIËRS, 1968 (WET 12 VAN 1968)

#### WYSIGING VAN REGULASIES

Die Minister van Indiërsake het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 30 van die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys vir Indiërs, 1968 (Wet 12 van 1968), goedgekeur dat die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 18 van 2 Januarie 1970, gewysig word soos in die Bylae hiervan uiteengesit.

#### BYLAE

1. Regulasie 9 (2) word deur die volgende vervang:

"(2) Die lede van die finansieskomitee word op die algemene jaarvergadering van die raad verkies en die raad stel een van die lede wat aldus verkies is, as voorsitter van die komitee aan."

2. Die woorde "voorsitter en" in regulasie 9 (3) word geskrap.



**DEPARTMENT OF LABOUR**

No. R. 835 27 April 1979  
INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

**BUILDING INDUSTRY, WORCESTER.—RENEWAL OF MEDICAL AID FUND AGREEMENT**

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Labour, hereby, in terms of section 48 (4) (a) (ii) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare the provisions of Government Notice R. 696 of 26 April 1974 to be effective from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 March 1982.

S. P. BOTHA, Minister of Labour.

No. R. 836 27 April 1979  
INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

**BUILDING INDUSTRY, WORCESTER.—AMENDMENT OF MEDICAL AID FUND AGREEMENT**

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Labour, hereby—

(a) in terms of section 48 (1) (a) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Building Industry, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice, and for the period ending 31 March 1982, upon the employers' organisation and the trade union which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisation or union; and

(b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the Amending Agreement shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 March 1982, upon all employers and employees other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Industry in the Magisterial District of Worcester.

S. P. BOTHA, Minister of Labour.

**SCHEDULE****WORCESTER BUILDING INDUSTRIAL COUNCIL AGREEMENT**

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, made and entered into by and between the

Worcester Master Builders' and Allied Trades' Association (hereinafter referred to as the "employers" or the "employers' organisation"), of the one part, and the

Building Workers' Union

(hereinafter referred to as the "employees" or the "trade union"), of the other part, -

being parties to the Worcester Building Industrial Council, to amend the Medical Aid Fund Agreement as published under Government Notice R. 696 dated 26 April 1974, as follows:

**1. CLAUSE 1.—SCOPE OF APPLICATION**

In subclause (2), for the expression "16 (1) (h), (k) and (1)" substitute the expression "22 (f) to (o)."

**DEPARTEMENT VAN ARBEID**

No. R. 835 27 April 1979  
WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

**BOUNYWERHEID, WORCESTER.—HERNUWING VAN MEDIESE HULPFONDSOOREENKOMS**

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Arbeid, verklaar hierby, kragtens artikel 48 (4) (a) (ii) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die bepalings van Goewermentskennisgewing R. 696 van 26 April 1974 van krag is met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Maart 1982 eindig.

S. P. BOTHA, Minister van Arbeid.

No. R. 836 27 April 1979  
WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

**BOUNYWERHEID, WORCESTER.—WYSIGING VAN MEDIESE HULPFONDSOOREENKOMS**

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

(a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms (hierna die Wysigingsooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Bounywerheid betrekking het, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Maart 1982 eindig, bindend is vir die werkgewers-organisatie en die vakvereniging wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasie of vereniging is; en

(b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Maart 1982 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing, wat betrokke is by of in diens is in genoemde Nywerheid in die landdrosdistrik Worcester.

S. P. BOTHA, Minister van Arbeid.

**BYLAE****NYWERHEIDSRaad VIR DIE BOUNYWERHEID, WORCESTER OOREENKOMS**

ingevolge die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, gesluit deur en aangegaan tussen die

Worcester Master Builders' and Allied Trades' Association (hierna die "werkgewers" of die "werkgewersorganisasie" genoem), aan die een kant, en die

Building Workers' Union

(hierna die "werknemers" of die vakvereniging" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Bounywerheid, Worcester,

om die Mediese Hulpfondsooreenkoms, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 696 van 26 April 1974, soos volg te wysig:

**1. KLOUSULE 1.—TOEPASSINGSBESTEK**

In subklausule (2), vervang die uitdrukking "16 (1) (h), (k) en (1) deur die uitdrukking "22 (f) tot (o)".



**2. CLAUSE 6.—ADMINISTRATION OF THE FUND**

In subclause (1), for the word "two" substitute the word "three".

**3. CLAUSE 7.—MEMBERSHIP**

In subclause (1), for the expression "16 (1) (h), (k) and (1)" substitute the expression "22 (f) to (o)".

**4. CLAUSE 9.—CONTRIBUTIONS**

(1) In subclause (1), for the expression "16 (1) (h), (k) and (1)" and the amount "R1,60" substitute the expression "22 (f) to (o)" and the amount "R1,76".

(2) In subclause (2), for the amount "80c" substitute the amount "88c".

(3) In subclause (5), for the words "less than 18 hours" substitute the words "18 hours or less".

(4) In subclause (6), for the words "not less" substitute the word "more".

(5) In subclauses (10) and (12), for the amount "R1,60" substitute the amount "R1,76".

**5. CLAUSE 10.—BENEFITS**

Insert the following proviso to subclause (2):

"Provided that a member who was entitled to benefits prior to the termination of his membership in terms of clause 8 (1) (e), shall be entitled to benefits if he rejoins the Fund within 12 months of the termination of his membership and after 12 stamps have been issued to him in terms of clause 9".

**6. CLAUSE 12.—PAYMENT OF ACCOUNTS**

In subclause (3), for the words "the date of service" substitute the words "the end of the month in which the service was rendered".

**7. CLAUSE 13.—EXCLUDED BENEFITS**

(1) Delete subclause (1) and renumber the remaining subclauses (2) to (18), inclusive, to (1) to (17), inclusive, respectively. (2) In the renumbered subclause (6), after the word "conveyance" insert the words "other than a licensed ambulance".

Signed on behalf of the parties this 20th day of September 1978.

J. DE V. KEYTER, Chairman.

H. K. VAN WEST, Vice-Chairman.

S. E. BAKER EFFENDI, Secretary.

No. R. 861

27 April 1979

**WORKMEN'S COMPENSATION ACT, 1941  
(ACT 30 OF 1941), AS AMENDED**

**ADJUSTMENT OF PENSIONS**

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Labour, hereby, in terms of section 43bis of the Workmen's Compensation Act, 1941, order that all monthly pensions payable on 1 May 1979, or awarded subsequently, in terms of section 39 or 40 of the said Act in respect of accidents which happened before 1 June 1977, shall with effect from 1 May 1979 be increased by 15 per cent.

S. P. BOTHA, Minister of Labour.

No. R. 877

27 April 1979

**INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956**

**COTTON TEXTILE MANUFACTURING INDUSTRY (CAPE).—RE-ENACTMENT OF MAIN AGREEMENT**

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Labour, hereby—

(a) in terms of section 48 (1) (a) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement which appears in the Schedule hereto

**2. KLOUSULE 6.—ADMINISTRASIE VAN DIE FONDS**

In subklousule (1), vervang die woord "twee" deur die woord "drie".

**3. KLOUSULE 7.—LIDMAATSKAP**

In subklousule (1), vervang die uitdrukking "16 (1) (h), (k) en (1)" deur die uitdrukking "22 (f) tot (o)".

**4. KLOUSULE 9.—BYDRAES**

(1) In subklousule (1), vervang die uitdrukking "16 (1) (h), (k) en (1)" en die bedrag "R1,60" deur die uitdrukking "22 (f) tot (o)" en die bedrag "R1,76".

(2) In subklousule (2), vervang die bedrag "80c" deur die bedrag "88c".

(3) In subklousule (5), vervang die woorde "vir minder as 18 uur" deur die woorde "vir 18 uur of minder".

(4) In subklousule (6), vervang die woord "minstens" deur die woorde "meer as".

(5) In subklousules (10) en (12), vervang die bedrag "R1,60" deur die bedrag "R1,76".

**5. KLOUSULE 10.—VOORDELE**

Voeg die volgende voorbehoudsbepaling in by subklousule (2):

"Met dien verstande dat 'n lid wat geregtig was op bystand voordat sy lidmaatskap ooreenkomstig klousule 8 (1) (e) beëindig is, geregtig is op bystand indien hy weer by die Fonds aansluit binne 12 maande na die beëindiging van sy lidmaatskap en nadat 12 seëls ooreenkomstig klousule 9 aan hom uitgereik is."

**6. KLOUSULE 12.—BETALING VAN REKENINGS**

In subklousule (3), vervang die woorde "die datum waarop die diens gelewer is" deur die woorde "die einde van die maand waarin die diens gelewer is".

**7. KLOUSULE 13.—BYSTAND WAT UITGESLUIT IS**

(1) Skrap subklousule (1) en hernommer die oorblywende subklousules (2) tot en met (18) om onderskeidelik te lui (1) tot en met (17).

(2) In die hernommerde subklousule (6), na die woord "vervoer", voeg die woorde "uitgesonderd 'n gelisensieerde ambulans" in.

Namens die partye op hede die 20ste dag van September 1978 onderteken.

J. DE V. KEYTER, Voorsitter.

H. K. VAN WEST, Ondervoorsitter.

S. E. BAKER EFFENDI, Sekretaris.

No. R. 861

27 April 1979

**ONGEVALLEWET, 1941 (WET 30 VAN  
1941), SOOS GEWYSIG**

**AANPASSING VAN PENSIOENE**

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Arbeid, beveel hierby, ingevolge die bepalings van artikel 43bis van die Ongevallewet, 1941, dat alle maandelikse pensioene wat op 1 Mei 1979, kragtens artikel 39 of 40 van genoemde Wet betaalbaar was, of daarna toegeken, ten opsigte van ongelukke wat voor 1 Junie 1977 plaasgevind het vanaf 1 Mei 1979 met 15 persent verhoog word.

S. P. BOTHA, Minister van Arbeid.

No. R. 877

27 April 1979

**WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956**

**KATOENTEKSTIELNYWERHEID (KAAP). — HERBEKRAKTIGING VAN HOOFOOREENKOMS**

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

(a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms wat in die Bylae hiervan verskyn

and which relates to the Cotton Textile Manufacturing Industry shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 December 1979, upon the employers' organisation and the trade union which entered into the said Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisation or union;

(b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the said Agreement, excluding those contained in clauses 1 (1) (a), 2 and 3, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 December 1979, upon all employers and employees other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Industry in the areas specified in clause 1 (1) (b) of the said Agreement; and

(c) in terms of section 48 (3) (a) of the said Act, declare that in the areas specified in clause 1 (1) (b) of the said Agreement and with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 December 1979, the provisions of the said Agreement, excluding those contained in clauses 1 (1) (a), 2 and 3, shall *mutatis mutandis* be binding upon all Blacks employed in the said Industry by the employers upon whom any of the said provisions are binding in respect of employees and upon those employers in respect of Blacks in their employ.

S. P. BOTHA, Minister of Labour.

#### SCHEDULE

#### INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE COTTON TEXTILE MANUFACTURING INDUSTRY (CAPE)

#### AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, made and entered into by the

Textile Workers' Industrial Union (South Africa)

(hereinafter referred to as the "employees" or the "trade union") of the one part, and the

Western Province Cotton Textile Manufacturers' Association (hereinafter referred to as the "employers" or the "association") of the other part,

being parties to the Industrial Council for the Cotton Textile Manufacturing Industry (Cape).

#### 1. SCOPE OF APPLICATION OF THE AGREEMENT

(1) The terms of this Agreement shall be observed in the Cotton Textile Manufacturing Industry—

(a) by all employers who are members of the Association and by all employees who are members of the Trade Union;

(b) in the Magisterial Districts of Paarl, Wellington, Worcester, Bellville, Goodwood and Wynberg, but excluding any portions of the Magisterial Districts of Bellville and Goodwood which, prior to the publication of Government Notice 173 of 9 February 1973, fell within the Magisterial District of Wynberg.

(2) Notwithstanding the provisions of subclause (1), the terms of this Agreement shall apply only in respect of employees for whom wages are prescribed in the Former Agreement and to the employers of such employees.

#### 2. PERIOD OF OPERATION OF AGREEMENT

This Agreement shall come into operation as from the date fixed by the Minister of Labour in terms of section 48 (1) of the Industrial Conciliation Act, 1956, and shall remain in force until 31 December 1979 or for such period as the Minister may determine.

en op die Katoentekstielyerheid betrekking het, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Desember 1979 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasie en die vakvereniging wat genoemde Ooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasie of vereniging is;

(b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet, dat die bepalings van genoemde Ooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousules 1 (1) (a), 2 en 3, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Desember 1979 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing, wat betrokke is by of in diens is in genoemde Nywerheid in die gebiede gespesifiseer in klousule 1 (1) (b) van genoemde Ooreenkoms; en

(c) kragtens artikel 48 (3) (a) van genoemde Wet, dat die bepalings van genoemde Ooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousules 1 (1) (a), 2 en 3, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Desember 1979 eindig, in die gebiede gespesifiseer in klousule 1 (1) (b) van genoemde Ooreenkoms *mutatis mutandis* bindend is vir alle Swartes in diens in genoemde Nywerheid by dié werkgewers vir wie enigeen van genoemde bepalings ten opsigte van werknemers bindend is en vir daardie werkgewers ten opsigte van Swartes in hul diens.

S. P. BOTHA, Minister van Arbeid.

#### NYWERHEIDSRaad VIR DIE KATOENTEKSTIEL-NYWERHEID (KAAP)

#### OOREENKOMS

ingevolge die Wet op Nywerheidsversoenig, 1956, gesluit deur en aangegaan tussen die

Textile Workers' Industrial Union (South Africa)

(hierna die "werknemers" of die "vakvereniging" genoem), aan die een kant, en die

Western Province Cotton Textile Manufacturers' Association (hierna die "werkgewers" of die "Vereniging" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Katoentekstielyerheid (Kaap).

#### 1. TOEPASSINGSBESTEK

(1) Hierdie Ooreenkoms moet in die Katoentekstielyerheid nagekom word—

(a) deur alle werkgewers wat lede van die Vereniging is en deur alle werknemers wat lede van die vakvereniging is;

(b) in die landdrosdistrikte Paarl, Wellington, Worcester, Bellville, Goodwood en Wynberg, maar uitgesonderd enige gedeeltes van die landdrosdistrikte Bellville en Goodwood wat voor die publikasie van Goewermentskennisgewing 173 van 9 Februarie 1973 binne die landdrosdistrik Wynberg geval het.

(2) Ondanks subklousule (1), is die bepalings van hierdie Ooreenkoms van toepassing slegs op werknemers vir wie lone in die vorige Ooreenkoms voorgeskryf word en op die werkgewers van sodanige werknemers.

#### 2. GELDIGHEIDSDUUR VAN DIE OOREENKOMS

Hierdie Ooreenkoms tree in werking op die datum wat deur die Minister van Arbeid ingevolge artikel 48 (1) van die Wet op Nywerheidsversoenig, 1956, vasgestel word en bly van krag tot 31 Desember 1979 of vir dié tydperk wat die Minister mag bepaal.



## 3. SPECIAL PROVISIONS

The provisions of clauses 6 (b), 18 and 19 of the Agreement published under Government Notice R. 1607 of 13 September 1974 as amended by Government Notices R. 1171 of 13 June 1975, R. 310 of 27 February 1976 and R. 2462 of 10 December 1976 (herein referred to as the "Former Agreement") shall apply to employers and employees.

## 4. GENERAL PROVISIONS

The provisions of clauses 3 to 6 (a), 6 (c) to (k), 7 to 17 and 20 of the Former Agreement shall apply to employers and employees.

Signed at Cape Town on behalf of the parties on this 30th day of January 1979.

G. VON ULMENSTEIN, Chairman.

N. DANIELS, Vice-Chairman.

J. D. F. COLINESE, Secretary.

No. R. 878

27 April 1979

## INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

## COTTON TEXTILE MANUFACTURING INDUSTRY (CAPE).—RE-ENACTMENT OF SICK BENEFIT FUND AGREEMENT

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Labour, hereby—

(a) in terms of section 48 (1) (a) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement which appears in the Schedule hereto and which relates to the Cotton Textile Manufacturing Industry, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 December 1979, upon the employers' organisation and the trade union which entered into the said Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisation or union;

(b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the said Agreement, excluding those contained in clauses 1 (1) and 2, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 December 1979, upon all employers and employees other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Industry in the areas specified in clause 1 (2) of the said Agreement; and

(c) in terms of section 48 (3) (a) of the said Act, declare that in the areas specified in clause 1 (2) of the said Agreement and with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 December 1979, the provisions of the said Agreement, excluding those contained in clauses 1 (1) and 2, shall *mutatis mutandis* be binding upon all Blacks employed in the said Industry by the employers upon whom any of the said provisions are binding in respect of employees and upon those employers in respect of Blacks in their employ.

S. P. BOTHA, Minister of Labour.

## SCHEDULE

## INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE COTTON TEXTILE MANUFACTURING INDUSTRY (CAPE)

## AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, made and entered into by and between the

Textile Workers' Industrial Union (South Africa)

(hereinafter referred to as the "employees" or the "trade union"), of the one part, and the

## 3. SPESIALE BEPALINGS

Klousules 6 (b), 18 en 19 van die ooreenkoms gepubliseer by Goewermmentskennisgewing R. 1607 van 13 September 1974 soos gewysig by Goewermmentskennisgewings R. 1171 van 13 Junie 1975, R. 310 van 27 Februarie 1976 en R. 2462 van 10 Desember 1976 (hierin die "Vorige Ooreenkoms" genoem) is van toepassing op werkgewers en werknemers.

## 4. ALGEMENE BEPALINGS

Klousules 3 tot 6 (a), 6 (c) tot (k), 7 tot 17 en 20 van die vorige ooreenkoms is van toepassing op werkgewers en werknemers.

Namens die partye op hede die 30ste dag van Januarie 1979 in Kaapstad onderteken.

G. VON ULMENSTEIN, Voorsitter.

N. DANIELS, Ondervoorsitter.

J. D. F. COLINESE, Sekretaris.

No. R. 878

27 April 1979

## WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

## KATOENTEKSTIELNYWERHEID (KAAP). — HERBEKRAFTIGING VAN SIEKTEBYSTAND-FONDSOOREENKOMS

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

(a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Katoentekstielywerheid betrekking het, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Desember 1979 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasie en die vakvereniging wat genoemde Ooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasie of vereniging is;

(b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet, dat die bepalings van genoemde Ooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousules 1 (1) en 2, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Desember 1979 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing, wat betrokke is by of in diens is in genoemde Nywerheid in die gebiede gespesifiseer in klousule 1 (2) van genoemde Ooreenkoms; en

(c) kragtens artikel 48 (3) (a) van genoemde Wet, dat die bepalings van genoemde Ooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousules 1 (1) en 2, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Desember 1979 eindig, in die gebiede gespesifiseer in klousule 1 (2) van genoemde Ooreenkoms *mutatis mutandis* bindend is vir alle Swartes in diens in genoemde Nywerheid by dié werkgewers vir wie enigeen van genoemde bepalings ten opsigte van werknemers bindend is en vir daardie werkgewers ten opsigte van Swartes in hul diens.

S. P. BOTHA, Minister van Arbeid.

## BYLAE

## NYWERHEIDSRAAD VIR DIE KATOENTEKSTIEL-NYWERHEID (KAAP)

## OOREENKOMS

ingevoelge die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, gesluit deur en aangegaan tussen die

Textile Workers' Industrial Union (South Africa)

(hierna die "werknemers" of die "vakvereniging" genoem), aan die een kant, en die



Western Province Cotton Textile Manufacturers' Association

(hereinafter referred to as the "employers" or the "association"), of the other part, being parties to the Industrial Council for the Cotton Textile Manufacturing Industry (Cape).

1. SCOPE OF APPLICATION OF THE AGREEMENT

The terms of this Agreement shall be observed in the Cotton Textile Manufacturing Industry—

- (1) by all employers who are members of the association and by all employees who are members of the trade union;
- (2) in the Magisterial Districts of Paarl, Wellington, Worcester, Bellville, Goodwood and Wynberg, but excluding any portions of the Magisterial Districts of Bellville and Goodwood which, prior to the publication of Government Notice 173 of 9 February 1973, fell within the Magisterial District of Wynberg.

2. PERIOD OF OPERATION OF THE AGREEMENT

This Agreement shall come into operation with effect from a date fixed by the Minister of Labour, in terms of section 48 (1) of the Industrial Conciliation Act, 1956, and shall remain in force until 31 December 1979, or for such period as the Minister may determine.

3. GENERAL PROVISIONS

The provisions of clauses 3 to 9 of the Agreement published under Government Notice R. 1900 of 25 October 1974, as amended by Government Notices R. 1172 of 13 June 1975, R. 415 of 18 March 1977, R. 2283 of 4 November 1977 and R. 1914 of 22 September 1978 shall apply to employers and employees.

Signed at Cape Town on behalf of the parties on this 30th day of January 1979.

G. VON ULMENSTEIN, Chairman.

N. DANIELS, Vice-Chairman.

J. D. F. COLINESE, Secretary.

Western Province Cotton Textile Manufacturers' Association

(hierna die "werkgewers" of die "vereniging" genoem), aan die ander kant wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Katoentekstielywerheid (Kaap).

1. TOEPASSINGSBESTEK VAN DIE OOREENKOMS

Hierdie Ooreenkoms moet in die Katoentekstielywerheid nagekom word—

- (1) deur alle werkgewers wat lede van die vereniging is en deur alle werknemers wat lede van die vakvereniging is;
- (2) in die landdrosdistrikte Paarl, Wellington, Worcester, Bellville, Goodwood en Wynberg, maar uitgesonderd enige gedeeltes van die landdrosdistrikte Bellville en Goodwood wat voor die publikasie van Goewermenskennisgewing 173 van 9 Februarie 1973 binne die landdrosdistrik Wynberg geval het.

2. GELDIGHEIDSDUUR VAN DIE OOREENKOMS

Hierdie Ooreenkoms tree in werking op 'n datum wat deur die Minister van Arbeid ingevolge artikel 48 (1) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, vasgestel word en bly van krag tot 31 Desember 1979 of vir dié tydperk wat die Minister mag bepaal.

3. ALGEMENE BEPALINGS

Klousules 3 tot 9 van die Ooreenkoms gepubliseer by Goewermenskennisgewing R. 1900 van 25 Oktober 1974, soos gewysig by Goewermenskennisgewings R. 1172 van 13 Junie 1975, R. 415 van 18 Maart 1977, R. 2283 van 4 November 1977 en R. 1914 van 22 September 1978 is van toepassing op werkgewers en werknemers.

Namens die partye op hede die 30ste dag van Januarie 1979 in Kaapstad onderteken.

G. VON ULMENSTEIN, Voorsitter.

N. DANIELS, Ondervoorsitter.

J. D. F. COLINESE, Sekretaris.

No. R. 879 27 April 1979  
**FACTORIES, MACHINERY AND BUILDING WORK ACT, 1941**

**COTTON TEXTILE MANUFACTURING INDUSTRY (CAPE).—EXEMPTION FROM SICK LEAVE PROVISIONS**

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Labour, hereby, in terms of section 54 (1) of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, and with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for such period or periods as the Agreement published under Government Notice R. 878 of 27 April 1979, may be binding in terms of the Industrial Conciliation Act, 1956, exempt all employers who are subject to the provisions of the said Agreement from the requirements of section 21A of the first-mentioned Act, in respect of employees who are entitled to sick pay in terms of the said Agreement.

S. P. BOTHA, Minister of Labour.

No. R. 880 27 April 1979  
**INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956**

**COTTON TEXTILE MANUFACTURING INDUSTRY (CAPE).—RE-ENACTMENT OF PROVIDENT FUND AGREEMENT**

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Labour, hereby—

- (a) in terms of section 48 (1) (a) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement which appears in the Schedule

No. R. 879 27 April 1979  
**WET OP FABRIEKE, MASJINERIE EN BOUWERK, 1941**

**KATOENTEKSTIELNYWERHEID (KAAP).—VRYSTELLING VAN SIEKTEVERLOF-BEPALINGS**

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Arbeid, stel hierby, kragtens artikel 54 (1) van die Wet op Fabriek, Masjinerie en Bouwerk, 1941, en met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir sodanige tydperk of tydperke as wat die Ooreenkoms gepubliseer by Goewermenskennisgewing R. 878 van 27 April 1979, kragtens die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, bindend mag wees, alle werkgewers wat onderworpe is aan die bepalings van genoemde Ooreenkoms, vry van die vereistes van artikel 21A van eersgenoemde Wet, ten opsigte van werknemers wat ingevolge genoemde Ooreenkoms op siektebystand geregtig is.

S. P. BOTHA, Minister van Arbeid.

No. R. 880 27 April 1979  
**WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956**

**KATOENTEKSTIELNYWERHEID (KAAP).—HERBEKRAFTIGING VAN VOORSORGFONDS-OOREENKOMS**

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

- (a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms wat in die Bylae hiervan verskyn en

hereto and which relates to the Cotton Textile Manufacturing Industry shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 30 June 1980, upon the employers' organisation and the trade union which entered into the said Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisation or union;

(b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the said Agreement, excluding those contained in clauses 1 (1) (a) and 2, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 30 June 1980, upon all employers and employees other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Industry in the areas specified in clause 1 (1) (b) of the said Agreement; and

(c) in terms of section 48 (3) (a) of the said Act, declare that in the areas specified in clause 1 (1) (b) of the said Agreement and with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 30 June 1980, the provisions of the said Agreement, excluding those contained in clauses 1 (1) (a) and 2, shall *mutatis mutandis* be binding upon all Blacks employed in the said Industry by the employers upon whom any of the said provisions are binding in respect of employees and upon those employers in respect of Blacks in their employ.

S. P. BOTHA, Minister of Labour.

#### SCHEDULE

#### INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE COTTON TEXTILE MANUFACTURING INDUSTRY (CAPE)

#### AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, made and entered into by and between the

Textile Workers' Industrial Union (South Africa)

(hereinafter referred to as the "employees" or the "trade union"), of the one part, and the

Western Province Cotton Textile Manufacturers' Association

(hereinafter referred to as the "employers" or the "association"), of the other part,

being parties to the Industrial Council for the Cotton Textile Manufacturing Industry (Cape).

#### 1. SCOPE OF APPLICATION

(1) The terms of this Agreement shall be observed in the Cotton Textile Manufacturing Industry—

(a) by all employers who are members of the Association and by all employees who are members of the trade union;

(b) in the Magisterial Districts of Paarl, Wellington, Worcester, Bellville, Goodwood and Wynberg, but excluding any portions of the Magisterial Districts of Bellville and Goodwood which, prior to the publication of Government Notice 173 of 9 February 1973, fell within the Magisterial District of Wynberg.

(2) Notwithstanding the provisions of subclause (1) the terms of this Agreement shall only apply in respect of employees for whom wages are prescribed in clause 4 of the Former Main Agreement: Provided that the terms of this Agreement shall not apply to any employee who at the date of coming into operation of this Agreement is, or thereafter becomes, a participant in and member of any fund providing pension and/or provident benefits, which was in existence on the said date and in which the employer of that employee was on the said date a participant, or to the employer of such employee, during such period only as such fund continues to operate and both employer and employee

op die Katoentekstielywerheid betrekking het, met ingang van die Tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 30 Junie 1980 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasie en die vakvereniging wat genoemde Ooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasie of vereniging is;

(b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet, dat die bepalings van genoemde Ooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousules 1 (1) (a) en 2, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 30 Junie 1980 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing, wat betrokke is by of in diens is in genoemde Nywerheid in die gebiede gespesifiseer in klousule 1 (1) (b) van genoemde Ooreenkoms; en

(c) kragtens artikel 48 (3) (a) van genoemde Wet, dat die bepalings van genoemde Ooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousules 1 (1) (a) en 2, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 30 Junie 1980 eindig, in die gebiede gespesifiseer in klousule 1 (1) (b) van genoemde Ooreenkoms *mutatis mutandis* bindend is vir alle Swartes in diens in genoemde Nywerheid by die werkgewers vir wie enigene van genoemde bepalings ten opsigte van werknemers bindend is en vir daardie werkgewers ten opsigte van Swartes in hul diens.

S. P. BOTHA, Minister van Arbeid.

#### BYLAE

#### NYWERHEIDSRAAD VIR DIE KATOENTEKSTIEL-NYWERHEID (KAAP)

#### OOREENKOMS

ingevolge die Wet op Nywerheidsversoenig, 1956, gesluit en aangegaan deur die

Textile Workers' Industrial Union (South Africa)

(hieronder die "werknemers" of die "vakvereniging" genoem), aan die een kant, en die

Western Province Cotton Textile Manufacturers' Association

(hieronder die "werkgewers" of die "Vereniging" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Katoentekstielywerheid (Kaap).

#### 1. TOEPASSINGSBESTEK VAN DIE OOREENKOMS

(1) Hierdie Ooreenkoms moet in die Katoentekstielywerheid nagekom word—

(a) deur alle werkgewers wat lede van die Vereniging is en deur alle werknemers wat lede van die vakvereniging is;

(b) in die landdrostrikte Paarl, Wellington, Worcester, Bellville, Goodwood en Wynberg, maar uitgesonderd enige gedeeltes van die landdrostrikte Bellville en Goodwood wat voor die publikasie van Goewermentskennisgewing 173 van 9 Februarie 1973 binne die landdrostrik Wynberg geval het.

(2) Ondanks die bepalings van subklousule (1), is die bepalings van hierdie Ooreenkoms van toepassing slegs ten opsigte van werknemers vir wie lone in klousule 4 van die Vorige Hoof-ooreenkoms voorgeskryf word: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie Ooreenkoms nie van toepassing is nie op 'n werknemer wat op die datum van inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms 'n deelnemer of 'n lid is, of daarna word, van 'n ander fonds wat pensioen- en/of voorsorgvoordele verskaf en wat op die gemelde datum reeds bestaan of waarvan die werkgewer van so 'n werknemer op die gemelde datum 'n deelnemer is, of op die werkgewer van so 'n werknemer, alleenlik gedurende dié tydperk wat sodanige fonds voortgaan om te funksioneer en die werkgewer sowel as die werknemer deelnemers daarvan is, indien die



are participants therein, if, in the opinion of the Council the benefits which such fund provides are on the whole not less favourable than the benefits provided by the Fund established in terms of clause 4 of the Former Agreement.

## 2. PERIOD OF OPERATION OF THE AGREEMENT

This Agreement shall come into operation with effect from a date fixed by the Minister of Labour, in terms of section 48 (1) of the Industrial Conciliation Act, 1956, and shall remain in force until 30 June 1980 or for such period as the Minister may determine.

## 3. GENERAL PROVISIONS

The provisions of clauses 3 to 18 of the Agreement published under Government Notice R. 1002 of 26 June 1970, as amended by Government Notices R. 1173 of 13 June 1975 and R. 2284 of 4 November 1977 (herein referred to as the "Former Agreement") shall apply to employers and employees.

Signed at Cape Town on behalf of the parties on this 30th day of January 1979.

G. VON ULMENSTEIN, Chairman.

N. DANIELS, Vice-Chairman.

J. D. F. COLINESE, Secretary.

No. R. 881 27 April 1979  
INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

### COTTON TEXTILE MANUFACTURING INDUSTRY (CAPE). — CANCELLATION OF GOVERNMENT NOTICES

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Labour, hereby in terms of section 48 (5) of the Industrial Conciliation Act, 1956, cancel Government Notices R. 2461 and R. 2462 of 10 December 1976, R. 414 and R. 415 of 18 March 1977, R. 2283 of 4 November 1977, R. 1914 of 22 September 1978, R. 1170 and R. 1173 of 13 June 1975 and R. 2284 of 4 November 1977 with effect from the second Monday after the date of publication of this notice.

S. P. BOTHA, Minister of Labour.

No. R. 882 27 April 1979  
INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

### FURNITURE MANUFACTURING INDUSTRY, NATAL.—RENEWAL OF TRAINING FUND AGREEMENT

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Labour, hereby, in terms of section 48 (4) (a) (ii) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare the provisions of Government Notice R. 478 of 1 April 1977 to be effective from the date of publication of this notice and for the period ending 31 March 1981.

S. P. BOTHA, Minister of Labour.

No. R. 883 27 April 1979  
INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

### ELECTRICAL INDUSTRY (NATAL).—RE-ENACTMENT OF MAIN AGREEMENT

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Labour, hereby—

(a) in terms of section 48 (1) (a) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement which appears in the Schedule hereto and which relates to the Electrical Industry shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and

voordele wat so 'n fonds verskaf, na die mening van die Raad, in die geheel nie minder gunstig is nie as die voordele wat verskaf word deur die Fonds wat ingevolge klousule 4 van die Vorige Ooreenkoms ingestel is.

## 2. GELDIGHEIDSDUUR VAN OOREENKOMS

Hierdie Ooreenkoms tree in werking op dié datum wat die Minister van Arbeid kragtens artikel 48 (1) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, vasstel en bly van krag tot 30 Junie 1980 of vir sodanige tydperk as wat die Minister mag bepaal.

